# Vier Wêreldvoorleesdag 2022 op 2 Februarie met hierdie GRATIS leespakket van NB-Uitgewers!



#WRAD2022

nb
UITGEWERS
PUBLISHERS

Tafelberg
Human & Rousseau
Queillerie
Kwela
Pharos
Best Books
Lux Verbi
Melinda Ferguson Books

Hierdie pakket kan maklik uitgedruk word en bevat stories uit van ons gunstelingkinderboeke om aan boekwurms voor te lees.
Is jy 'n ouer of onderwyser? Laai dit nou af en deel gerus foto's van jou leespartytjie met ons op sosiale media!
#WRAD2022

@NBPublishers
@Storierak
@NBSkoleSchools

@nbpublishers

@NBPublishers




Bly op hoogte van alle boekdinge

Teken hier in op ons nuusbrief

nb
UITGEWERS
PUBLISHERS

Tafelberg
Human & Rousseau
Queillerie
Kwela
Pharos
Best Books
Lux Verbi
Melinda Ferguson Books

**Verkope navrae: nb@nb.co.za | Tel: +27 11 601 8110**


**#WRAD2022**




ISBN-13: 9780624091899

6-9 jaar

## *Wie skrik vir Wortel Wolf?*

Leon-Ben Lamprecht, Nicolene Louw

Die bekende sprokies *Die drie varkies*, *Rooikappie* en *Die seun wat Wolf!* geskree het word in hierdie beginnerleesboek op hulle kop gekeer. Wortel, die vegetariese wolf is die hoofkarakter in al drie verhale. Hy klop aan om knoffel te leen vir die sop wat hy kook by die drie varkies, wat in sy straat intrek. Hy loop Rooikappie in die bos raak net toe gevaar dreig en in Namakwaland help red hy oom Jan se skape uit die kloue van 'n . . . jakkals!

**R150,00 | * Prys onderhewig aan verandering**

Tafelberg

#WRAD2022



**E**endag, lank, lank gelede,
in 'n land ver hiervandaan . . .

. . . was daar 'n wolf genaamd Wortel. Wortel Wolf is anders as alle ander wolwe, want hy eet glad nie vleis nie. Sy gunstelingkos is wortels. Daarom staan hy bekend as **WORTEL DIE VEGETARIESE WOLF**.

Wortel Wolf woon in 'n houthuis met 'n groot groentetuin vol

tamaties

en ertjies

en pampoene



en groenboontjies

en **BAIE WORTELS.**

Sy huis is die enigste huis in Stofstraat. Dit pla nie juis vir hom nie, maar dit kan 'n bietjie eensaam raak. Gelukkig kan Wortel Wolf homself goed besig hou. Hy gaan werk graag in sy groentetuin of hy speel tennis teen sy garage se muur.

Vandag speel Wortel Wolf tennis.

**Dit sal lekker wees as iemand saam met my kan tennis speel**, dink hy terwyl hy 'n tennisbal teen die muur slaan.

Nie te ver van waar Wortel Wolf woon nie, bly drie varkies by hulle mamma. Hulle name is Gert, Bert en Eben.

Maar anders as Wortel Wolf, hou die drie varkies nie van groente nie. Hulle hou die meeste van **VLEIS EN JELLIE EN VLA.**

Die drie varkies is baie gelukkig en hou daarvan om by hul mamma te bly.

Maar daar is een groot probleem: Hulle ma wat heeltyd vir hulle groente voer saam met hulle vleis en jellie en vla. Boonop is daar nie meer genoeg plek vir hulle in Mamma se huis nie.

Gert, Bert en Eben hou ’n vergadering en besluit genoeg is genoeg.




"Dit is tyd vir ons om ons eie huise te kry," sê die drie gelyk.

Met hul rugsakke gepak, gaan vertel hulle vir Mamma dat dit tyd is vir hulle om te trek.

"Dis reg, Mamma se kinders. Hou net julle fone aan en bel my as daar probleme is. En onthou, julle is altyd welkom by die huis!"

Mamma gaan haal toe vir elkeen 'n groot bak jellie en vla vir padkos en gee vir hulle elkeen 'n soen.

"Baie dankie, Mamma. **ONS SAL GOU KOM KUIER,"** belowe hulle en val in die pad.



Nie ver van Mamma se huis af nie, kom hulle op ’n hoop strooi af.

Hoera, dink Gert. Ek is nou al moeg geloop.

**“KOEBAAI, BOETAS,”** sê hy en sit sy rugsak neer. “Ek gaan vir my ’n strooihuis bou.”

“Totsiens Gert,” groet Bert en Eben en stap verder.

’n Klein entjie verder kom die varkies op ’n hoop houtplanke af.

Uitstekend, dink Bert. Ek wou nog altyd ’n houthuis hê!

**“KOEBAAI, BOETA,”** sê hy en sit sy rugsak neer. “Ek gaan vir my ’n houthuis bou.”

“Totsiens, Bert,” groet Eben en stap verder.

Nog ’n klein entjie verder, kom Eben op ’n hoop bakstene af.

Ditsem, dink Eben opgewonde. Hiermee kan ek ’n lekker stewige huis bou.

Hy sit sy rugsak neer en begin bou vir hom ’n baksteenhuis.

Wortel Wolf lê op sy bed. Hy is lus vir ’n middagslapie, maar hy kan nie aan die slaap raak nie. Iewers is daar ’n aanhoudende **gekap** en **gesaag** wat hom wakker hou.

Hy besluit om eerder op te staan en solank sop te maak. Vanaand is hy lus vir wortelsop. Hy was sy hande en gaan haal solank die knoffel.

“Maar genugtig! My knoffel is op!” roep hy verbaas uit. “Dit sal nie deug nie.”

Wortel Wolf probeer gou ’n plan maak om

knoffel te kry, maar buite raas dit nou só dat hy homself nie kan hoor dink nie.

Wat gaan aan? wonder hy en kyk by die venster uit. Maar daar is nou so baie stof in Stofstraat dat hy niks kan sien nie.

Na 'n rukkie is dit stil en Wortel Wolf gaan weer venster toe om te sien wat aan die gang is. Hy wag vir die stof om te gaan lê en **kan nie glo wat hy sien nie.** Daar staan drie nuwe huise in Stofstraat: een van strooi, een van hout en een van bakstene.

"**HOERA!** Ek het uiteindelik bure!" roep Wortel Wolf uit.

Ek sal gaan groet en hulle nooi vir sop, dink hy. En wie weet, dalk het een van hulle knoffel. Dan is dit sommer twee vlieë met een klap!

ISBN-13: 9780798182171




9-12 jaar


## *Die mooiste stories van Helena Lochner*

Helena F Lochner, Leoni Hofmeyr, Toby Newsome

"Die Hans Andersen van Suid-Afrika" – dit is die erenaam wat Helena Lochner in Noorwë gekry het. Hierdie beroemde skrywer van kinderverhale en sprokies is in 1951 oorlede, maar haar werk bly steeds gewild. Die keur van haar mooiste verhale wat hier byeengebring is, sluit die bekendstes in soos "Ou Tante Langtand", "Die Pratende Pot" en "Die Boomprinses". Die bundel bevat nuwe illustrasies om 'n jong geslag Afrikaanse kinders te bekoor.

**R210,00 | * Prys onderhewig aan verandering**

**#WRAD2022**



# Die pratende pot

Onder langs die rivier in ’n stukkende hutjie het ’n ou vrou gewoon. Haar enigste geselskap was ’n klomp groot, vet paddas wat by haar in die hut gebly het. Daar was honderde van hulle.

Dag vir dag het die getal groter geword, want elke oggend gaan sy langs die rivier sit en paddas vang. Die hele dag vang sy paddas. So teen sononder bring sy hulle huis toe om daar mak te maak.

Sy het altyd van die paddas vetgemaak, geslag en geëet, want vir haar was die lekkerste kossies in die wêreld paddawors, paddapastei of ’n pan vol heerlike gebakte paddas.

Een oggend sit sy weer en paddas vang. Keer op keer gooi sy die hoek in en elke keer is daar ’n padda aan. “Vandag gaan dit goed. Nog net een keer, dan het ek genoeg om huis toe te gaan,” sê sy.

Vir die laaste maal gooi sy die lyn in. Die hoek haak aan iets wat groot en swaar voel.

"Ag, my liewe! Dis seker die reus van die paddas wat ek nou gevang het," sê sy.

Maar toe sy die lyn met moeite uitgetrek het, was daar nie die verwagte paddareus aan die hoek nie. Dit was 'n snaakse ronde pot met twee handvatsels, 'n plat boom en 'n plat deksel wat dig toe was. Daar was 'n ou stuk tou aan.

"'n Pot in plaas van 'n padda!" Sy trek dit uit die water en sit dit op die wal neer. "Wat op aarde kan hierin wees!" sê sy en probeer om die deksel oop te kry. Dit was so vasgeroes dat sy dit moes huis toe dra om weer later te probeer.

Die ou vrou sit die pot in 'n hoekie neer terwyl sy eers vir die paddas hul aandete gee. Goggatjies en muggies word nou gevang, en toe al die paddas versorg is, gaan sy self eet en daarna gaan sy slaap. Die pot vergeet sy skoon waar dit in die donker hoekie bly staan het.

So teen twaalfuur die nag word sy wakker van 'n snaakse geluid. Sy luister goed. Dit kom van die pot in die hoekie. 'n Geklop aan die binnekant van die pot! *Tok, tok, tok, tok!* Die ou vrou kruip saggies uit haar bed tot by die pot. Sy sit haar oor naby die deksel, en toe hoor sy 'n diep, growwe stem sê: "Wie sal ons tog verlos? Baie goud sal ek gee aan die een wat dit doen."

'n Fyner stem begin te praat: "Nee, ons sal nooit so geluk-

kig wees om hier uit te kom nie. Wie sal ooit kan raai dat twee goeie, onskuldige mense hierin opgesluit is?"

"Ja, dis waar! Oor 'n towenaar se afguns moet ons nou hier opgesluit bly. Maar nooit sal hy, met al sy mag, my skatte besit nie – ek het dit te goed weggesteek," sê die growwe stem.

"Dis tog goed, ons sal net vir ons verlosser 'n sak diamante of 'n paar sakke goud moet gee uit dankbaarheid," sê die fyn stem.

Met haar oor teen die pot het die ou vrou al die tyd alles afgeluister. Goud! Diamante! Dit sal haar skatryk maak, haar hele lewe lank! Nee, die pot moet nou dadelik oopgemaak word. Weer probeer sy die deksel los kry, maar net verniet.

"Wie is hierbinne?" vra sy

"Maak oop en laat ons asseblief tog uit," sê al twee stemme.

"Wag, ek sal my byltjie gaan haal en die pot stukkend kap."

"O nee, moenie kap nie, moenie kap nie!" skree die stemme.

"Nou hoe moet ek dan die pot oopkry?" vra sy.

"Gaan haal net 'n halfpond warm paddavet, smeer dit om die rand van die deksel, en dan sal dit maklik oopgaan," sê die growwe stem.

Die ou vrou het nog van die dag se paddavet oorgehad. Gou maak sy dit warm en smeer dit om die deksel se rand.

Stadig draai die deksel eers in die rondte, toe lig dit effens

op en ’n groot sug van verligting kom uit die pot. Die ou vrou skrik, en druk dadelik weer die deksel vas.

“Nee wag! Sê eers vir my wat gee julle my as ek julle laat uitkom,” sê die geslepe ou vrou vir die twee in die pot.

“Laat ons eers uit, dan sal ons sê.”

“Nee, belowe eers.”

Binne die pot hoor sy nou twee stemme saggies fluister. Sy luister fyn, druk weer haar oor teen die pot, maar die warm paddavet het haar net gebrand. Sy kon geen enkele woord hoor nie. Alles is doodstil.

“Wat sê julle?” skree die nuuskierige ou vrou en wil nog die deksel vashou, maar dit begin sommer vanself draai.

“Kyk, as jy ons opgesluit hou, kan ons jou mos niks gee nie. Laat ons net eers uitkom, dan sal ons jou goed beloon,” sê die growwe stem.

Hieroor het sy so ’n tydjie nagedink.

“Belowe my julle sal my gee net wat ek vra.”

“Ja, goed,” belowe hulle.

Sy los die deksel. Die warm paddavet laat dit afspring. ’n Groot damp rook slaan uit, en daar staan twee swart skaduwees voor haar!

Die ou vrou val amper agteroor van skrik. Sy sien dis dieselfde gruwelike ou towernaar en nare heks wat jare gelede sommer skielik verdwyn het, tot groot blydskap van almal in die buurt.

Die twee skater van die lag tot die ou vrou sommer koud word.

"Ag, wat het ek tog makeer om julle weer los te laat! Ek het gedag julle is twee onskuldige mense en daarom wou ek julle help," sug sy.

"Nee, dit was net jou gierigheid na rykdom. Net wat jy wil hê, moet jy vir die pot vra. Pas net op dat jy nooit in die pot kyk nie. Onthou dit goed!"

Met dié woorde, voor die ou vrou hulle nog kan uitvra, trek die heks en towenaar in swart rook deur die hut se oop deur en verdwyn in die verte. Al die planne wat sy wou maak om hulle terug in die pot te kry, was verniet.

Sy kyk na die pot. "Maar hoekom moet ek nie in jou kyk nie? Hulle is seker bang ek sal net so slim soos hulle word."

Die ou vrou gaan sit by die pot. Al die paddas swerm om haar. "Wat sal ek nou vir die pot vra?" sê sy.

"Vra om alles te weet wat in die wêreld aangaan," sê 'n ou brulpadda.

"'n Goeie wens! Pot, pot, gee my die mag om alles te sien, te weet en te hoor wat in die hele wêreld gebeur," sê sy.

"Wat sê jy? Kom 'n bietjie nader, ek kan nie hoor nie," sê die pot.

Die ou vrou kom nog nader en vra weer.

"Steek jou hand so diep in soos jy kan en vra vir die derde maal wat jy begeer," sê die pot.



Sy steek haar hand in die pot en vir die derde maal vra sy.

"Nou het ek gehoor en jou wens sal geskied so gou soos jy jou hand uithaal," sê die pot. Toe sy haar hand probeer uittrek, sit dit vas asof dit deel van die pot self is!

"Pot, pot, los my hand!"

"Ek hou nie jou hand vas nie."

"Nou, wat klou my hand dan so vas hierbinne?" sê die ou vrou en voor sy nog die heks en towenaar se woorde kan onthou, kyk sy binne-in die pot!

Toe kry sy 'n snaakse gevoel, asof sy smelt. Kleiner en kleiner word sy, en meteens, sonder dat sy iets daaraan kan doen, glip sy by die pot se bek in. Die deksel klap toe, en daar sit die ou vrou opgesluit.

"Ag, maak tog oop die pot en laat my uitkom," soebat sy, maar niemand hoor nie.

Die paddas was die enigstes wat vir haar jammer was. Hulle kwaak, maar hulle is hulpeloos om haar uit die moeilikheid te help. Ek sal myself maar moet help, dink sy en begin die pot van binne af te wikkel, met die gedagte dat dit sou omval en breek en sy so vry sou wees.

*Wikkel, wakkel, wikkel, wakkel.* Daar val die pot om, maar dit bly heel.

"Maak oop, maak oop, my paddas!" roep sy en klop aanhoudend aan die binnekant van die pot.

Die paddas sien haar probleem en hou vergadering.

“Wat sal ons doen om haar te help? Sy moet uitkom anders gaan ons dood van die honger,” sê die oudste padda.

“Ek dink ons moet die pot op die vuur sit,” sê die een.

“Nee, o nee, dan brand sy sekerlik dood daarbinne,” sê ’n ander.


“Ek dink ons moet die pot in die water gooi,” sê ’n derde padda. “Ja, dis nog die beste plan.”

So het die paddas toe bymekaargestaan. Grotes en kleintjies het almal gelyk hul kragte ingespan en gestoot so hard as hulle kon. Eendrag maak mag. Met ’n gekwik en ’n gekwaak en ’n gesteun rol hulle die pot uit die hutjie tot op die rivier se wal. Hier het al die paddas weer saamgespan en die pot afgestoot tot in die water.

Met ’n groot geplas val dit in en al die paddas spring ook agterna. Die deksel vlieg oop, en daar kom die ou vrou uit die pot. Waternat, maar veilig, klouter sy teen die wal uit en gou is sy weer in haar hutjie.

Hier het die ou vrou ’n vuurtjie gemaak, droë klere aangetrek en weer al haar mak paddas uit die rivier gaan roep om vir hulle kos te gee. Hulle het gehoorsaam huis toe gekom en ’n lekker maaltyd gehad.

Van daardie dag af het die ou vrou nooit weer paddas gevang, gebak of geëet nie. Tot die laaste dag van haar lewe het sy met dankbaarheid onthou dat dit die paddas was wat haar verlos het uit die pratende pot.




ISBN-13: 9780798181938

6-9 jaar

# *Die stoutste klas op aarde*

Joanna Nadin

Volgens die skoolhoof is 4B die stoutste klas op aarde. Sy sê skool gaan nie oor leeglê en lyf wegsteek, of pret hê nie. Dit gaan oor leer en dis hoogtyd dat 4B harder dáárin probeer uitblink. Maar Alex en Manjit het letterlik nie bedoel om hulle hele klas siek te maak met tuisgemaakte koekies nie. Hulle het definitief ook letterlik nie bedoel dat Manjit se hond, Tanne, hulle onderwyser se skoene moet eet nie, of dat Bart Bester se rot moet ontsnap nie. Hierdie goed gebeur net, al het hulle 'n perfekte plan gehad. 4B is miskien die stoutste klas op aarde, maar jy sal nie enige ander plek wil wees nie. Hierdie boek, wat twee skreeusnaakse avonture insluit, is perfek vir kinders wat hulle eerste hoofstukboeke begin lees.

**R160,00 | * Prys onderhewig aan verandering**

**#WRAD2022**



Ons klas is die **STOUTSTE KLAS OP AARDE**.

Ek weet ons is die **STOUTSTE KLAS OP AARDE** omdat mev. Brombom-Bredeboud (ons skoolhoof, wat 'n geluid soos 'n

perd maak wanneer sy kwaad is, en
dis dikwels) ons onderwyser altyd
uit gang toe neem en sê:



"Mnr. Abdoo, ek het al met baie vrot eiers te doen gehad, maar 4B is **LETTERLIK** die **STOUTSTE KLAS OP AARDE**."

**LETTERLIK** beteken regtig, wetenskaplik **WERKLIK**. Mev. Brombom-Bredeboud het so gesê nadat Manjit Kapoor (my beste vriend wat die eerste menslike seun gaan wees wat vinniger as 'n haai swem) gesê het dat sy kop **LETTERLIK** ontplof het toe hy 'n hond met die naam Tanne vir sy verjaardag gekry het, en dit nie regtig gebeur het nie.

Dis waar. Baie goed loop lelik skeef in graad 4B. Byvoorbeeld:

1. Die keer toe Paula Paulsen Pouse-prefek was en gaan klik het dat ons 'n tonnel om die wêreld probeer grawe.
2. Die keer toe ons op 'n leersame skooluitstappie dieretuin toe was en Hannes Harmse 'n pikkewyn by die bus ingesmokkel het.
3. Die keer toe Manjit sy hond, Tanne, vir Wys-en-vertel gebring het en sy vier jelpenne, Lizzie Badenhorst se uitveër wat soos aarbeie ruik en mnr. Abdoo se Noodskoene opgeëet het.

Verder het nie een van ons vanjaar 'n prys gewen nie, maar 4A was:

1. Die beste in aapstreke.
2. Die stilste klas wanneer mev. Brom-bom-Bredeboud op haar ghong slaan.
3. Die beste klas by die raffia-uiluitstalling.

Maar dis nie verbasend nie, want hulle klaskaptein is Erik Bloemhof, voorsitter van die skaakklub, eerstevioolspeler in die skool-orkes en span-leier van die Skitterster-spelspan.



Bart Bester is ons klaskaptein.
Hy kan op die wysie van die volkslied winde opbreek, wat nogal indrukwekkend is, al stem mev. Brombom-Bredeboud nie saam nie.



Sy sê skool gaan nie oor leeglê en lyf wegsteek of **PRET** hê nie. Dit gaan oor **LEER** en dis hoog tyd dat ons harder dáárin probeer **UITBLINK**.

Pa sê ek is ten minste nog nie in die tronk nie. Oupa sê die tronk sal 'n ligte straf wees, want **OP SY DAG** moes hy amper vyf kilometer kaalvoet skool toe loop en gruis vir pousekos eet.

Ma werk by die stadsraad en sy sê: "Ek moes heeldag na my baas se gekerm en kla oor nonsens

luister, so ek het nie nou krag vir 'n getjommel oor gruis nie. Solank Alex gelukkig is, is ek tevrede."


En weet jy wat? Ek is gelukkig, want:

1. Mnr. Abdoo sê almal, selfs Hannes Harmse, blink in iets uit — hulle moet net baie hard soek om dit te kry.
2. Volgens die wette van waarskynlikheid het die ongeluk ons nou klaar gery en kan daar onmoontlik nog iets skeefloop.
3. Manjit sê selfs al loop iets skeef, het ons 'n PERFEKTE PLAN om

daarmee weg te kom, en dis om NIKS
VIR NIEMAND TE SÊ NIE.

4B is miskien die **STOUTSTE KLAS OP AARDE**, maar ek hou van my klas.






ISBN-13: 9780798181822

14+ jaar

## *Donkerbloed*

Elrien Scheepers

Dit is die jaar 2045 in die stad Etswagoli. Sybella ondersoek die raaisel rondom haar ma en suster se dood in 'n lugtaxi-ongeluk wanneer haar pad kruis met Yala, 'n onwettige hokvegter. Maar waarom is die kuborg, Cedric Morton, op haar spoor en wat is sy verbintenis met Lilith Rox, die direkteur van Biotron Babas, 'n maatskappy wat geneties gemodifiseerde babas verskaf aan die ryk elite? Haar vriend Jax is veronderstel om haar te help soek, maar skielik verdwyn hy ook spoorloos . . . Die polisie stel lankal nie meer belang om uit te vind wat regtig daardie middag gebeur het nie. Maar Sybella móét net weet. Wanneer sy Lilith Rox se werksaanbod aanvaar, raak sy betrokke by nóg donker geheime. Watter prys sal sy vir die waarheid moet betaal?

**R190,00 | * Prys onderhewig aan verandering**

#WRAD2022

# 1

Drie minute.

Net drie minute voor die polisiehommeltuie se volgende patrollievlug oor Sunnyside. Bitter min tyd.

Ek hurk en sit my hand op die meisie se skouer. Haar bruin vel is klam van die misreën.

Sy kreun. Ek ruk my hand weg, raak dan weer aan haar. "Kan jy opstaan?" My stem klink hol in die naglug.

Sy lig haar kop en probeer haarself regop druk, haar asem dun soos wasem oor warm teer. Haar linkeroog is toegeswel, haar lip bloederig.

Iets pluk in my keel. Wie het haar so verrinneweer? "Lê stil." My stem is sag. Ek druk haar weer plat op haar maag. Kyk om my rond. Sal vinnig 'n plan moet maak. Die straat is verlate. Hologramnaamborde van daggakafees en avatarklubs flits, die ritme geweerkaats in reënboogpatrone op die nat straat. Vullisblikke staan saamgebondel tussen sakke rommel teen 'n muur agter my. Wáár kan ek haar wegsteek?

Ek ruk toe ek die hommels se hoëfrekwensiegesuis hoor, soos weeluise op soek na bloed wat pols onder 'n dun vel.



© Human & Rousseau, an imprint of NB Publishers, a division of Media24 (Pty) Ltd

Hulle is op pad. Ek het nie meer tyd nie. "Jy moet opstaan!" My stem is dié keer skerper. Ek sit my arm om haar skouers en probeer haar oplig.

Haar kop val op haar bors. Sy kners op haar tande. "Te . . . seer . . ." mompel sy.

En sy is 'n dooie gewig. Ek gaan haar definitief nie regop kry nie.

Twee minute.

My hart dreun in my bors. As die hommels haar kry . . . die deportasie-tatoeëermerke op haar skouer is so duidelik, al kors dik littekens daaroor. Die hommels kan die kleinste detail optel. Sy het nie 'n kat se kans nie! En daar is iets aan haar, iets weerloos in die fyn neus en vol mond en kort hare in klein krulletjies teen haar kopvel. Ek moet haar help.

Sy kreun en rol stadig om op haar rug. Daar is nog tatoeeermerke in die waai van haar elmboog, nog littekens. En dan sien ek haar hande. Haar naels is geskeur, haar vingerpunte bebloed. Sy dra handskoene. Swart kneukelhandskoene met rooi veters. En ek snap. Sy's 'n hokvegter.

My mond word droog. Onwettige immigrant, onwettige hokvegter. Groot probleme wat ek regtig nie nodig het nie. En daarby het ek belangriker dinge om te doen vanaand. Dalk moet ek eerder net opstaan en wegloop?

Sy kreun weer. Probeer kruip, weg van my af. Haar een been sleep agterna. "Ek sal oukei wees . . . los my . . ." Haar stem klink flou. Die wit van haar oë is helder teen haar donker vel. Sy sukkel om op haar hurke te kom, tuimel dan weer



© Human & Rousseau, an imprint of NB Publishers, a division of Media24 (Pty) Ltd

in ’n bondel neer. Sy kan nie opstaan nie. En ek kan nie wegloop nie. Onwettige immigrant of nie.

Een minuut.

Ek haak my hande onder haar skouers in, buig my knieë, haal diep asem. Ek lig haar en mik na die vullisdromme ’n paar treë agter my. Sy’s verdeksels swaar, al lyk sy so klein. Ek voel hoe die spiere in my rug saamtrek, vervat my hande, trek weer. Sy beweeg uiteindelik.

Ek ruk toe sy haar asem skielik skerp intrek. Dalk ’n gebreekte rib? Ek het wraggies nie nou tyd om na nog beserings te soek nie, en ek het ook nie tyd om my daaroor te bekommer nie. Sy sal net moet uithou! Sy is seker aan meer seerkry in die hok gewoond, in elk geval. Dis óf dit, óf sy word môre weer deur die Etswagoli-polisiediens gedeporteer.

Ek sleep haar oor die nat straat. Bondel haar tussen die vullisdromme in. My asem jaag. Hoeveel tyd het ek oor? Sekondes? Ek skeur een van die sakke oop, keer die vuilgoed oor haar uit, gril toe ek groenteskille en nat papiere en nog pap, stinkende gemors met my kaal hande oor haar krap. Hopelik sal die hommelhittesensors haar herken as ’n slapende bedelaar? Solank hulle net nie die wonde en deportasie-tatoeeermerke optel nie. Ek kom regop en vee my hande aan my spanbroek af. Ook maar goed ek kan nie sien wat alles in daai sakke lê en vrot nie.

Die gesuis van die hommels word harder.

Ek drafstap in die rigting van die naaste neonverligte kroegdeur, loop dan stadiger. Maak of ek daar wil ingaan.



© Human & Rousseau, an imprint of NB Publishers, a division of Media24 (Pty) Ltd

Die hommels inspekteer almal wat verdag lyk. As ek net my asemhaling egalig kan kry! En as my hartklop te vinnig is, sal die hommels dit dalk ook optel. Nugter alleen weet watter opgraderings hulle in die laaste week gehad het.

En dan is die hommels hier. Ses blinknat metaalvalke in gelid laag oor die straat, hulle rooi sensorliggies flitsend. Klein antennas wat soos lang spinnekoppote ronddraai.

Wat as hulle haar raaksien?

Ek ruk toe my polspaneel groen flits en 'n boodskap in my gesigsveld verskyn. Dis uit fokus in die mistige lug. Ek druk my slimlens stywer teen my oogbal vas.

*Waar's jy, Sybella? Jy's laat.*

As Jax my op my naam noem, is hy klaar vies.

*Op pad. Krisis. Praat nou-nou weer* stuur ek terug.

Ek moet konsentreer om dit deur te kry. Dis moeilik om gedagtetekste te stuur as 'n mens bang is, maar ek wil nie nou met my polspaneel peuter en die hommels se aandag trek nie.

Ek leun teen die deur. Hoe stiller ek staan, hoe beter.

Die hommels vlieg stadiger. Hulle hang bo die vullisblikke waar die meisie lê. As sy net nie nou beweeg nie!

Een van die hommeltuie sak laer oor die rommel. My asem snak in my keel. Sy rooi sensorliggies flits vinniger. Ek knyp my oë toe. Wag vir die alarm wat die polisie met hulle geneties gemodifiseerde dubbelspierhonde gaan roep.

Maar dan styg die hommel weer hoër. Hy kom in gelid met die ander.



© Human & Rousseau, an imprint of NB Publishers, a division of Media24 (Pty) Ltd

Hulle versnel, flits deur die misreën en verdwyn oor my kop in die donker strate van Sunnyside.

Ek blaas my asem stadig uit, voel hoe al die spiere in my lyf ontspan.

Die kroegdeur voor my vlieg oop, tref my amper in die gesig. Twee mans storm uit. Ek moet agteruittree om uit hulle pad te bly.

Die een man is groot en gespierd, sy arms dik soos outydse dakbalke. Hy swaai 'n kort wysvinger onder die neus van die kleiner ou voor hom. "Wat het jy met haar gedoen?" Dit klink of hy drie kernbomme gelyk gaan laat ontplof.

Die kleiner man vee 'n beringde hand deur sy mosselgroen Mohawk-kuif. "Ek het haar hier gelos. Sy was pretty out of it." Hy vou sy arms en haal sy skouers op.

"Wel, jy het 'n halwe job gedoen, want sy is clean gone!" Spierman gluur op en af in die straat. Sy klein ogies flits oor my.

Ek trek my kraag stywer om my nek, druk my hande in my baadjie se sakke en draai my rug op hulle.

"Hei jy! Kom hier!" blaf hy in my rigting.

Ek hou my doof en stap weg.

Sy stem saag weer deur die naglug. "Waarom het jy verdomp nie jou dik kop gebruik nie?"

Dankie tog hy't besluit om my te los en weer op Kuifkop te pik. "Ek wil nie hê sy moet weer naby een van my vegters kom nie!" bulder hy voort. "Sy sit julle almal ore aan. Julle lyk soos gorillas met hangovers in vergelyking met haar. Mors



© Human & Rousseau, an imprint of NB Publishers, a division of Media24 (Pty) Ltd

net my geld! Soek haar, jou dom donder! Maak seker sy weet wat vir haar wag. Sy beter nie weer haar pote in die hok sit nie!"

"Yes, yes, ek sal haar kry! Chill net!"

Dit raak stil agter my. Ek waag dit om oor my skouer te loer.

Spierman is terug in die kroeg. Kuifkop slof straataf, in die rigting waarin die hommeltuie verdwyn het. Dit lyk nie of hy regtig van plan is om die hele nag na haar te soek nie. Baie meer geïnteresseerd in wat op sy polspaneel aangaan.

Ek haal weer asem. Die meisie sal seker nou veilig wees. Of dalk nie? Wat sal gebeur as Kuifkop haar tussen die dromme ontdek? En daarby is dit amper weer tyd vir die volgende hommelvlug.

Ek kyk na my polspaneel. 21:30. My afspraak met Jax was al 'n halfuur gelede. Sal hy nog by Zonga's wees? Hy is nie die geduldigste mens wat ek ken nie. Allesbehalwe.

*Kan jy wag? Daar's iets wat ek eers moet doen* stuur ek 'n boodskap. Dis die eerste keer in weke dat hy laat weet het hy het inligting oor Ma en Jynna. Ek moet hom sien. Maar die meisie is in die moeilikheid, ek kan haar mos nie net los nie? Al is sy nie regtig my probleem nie. Ek moet haar by my woonstel kry. Haar polspaneel lyk swartmark. Outyds, oneffektief. Sy gaan nie medtech hê nie en duidelik kan sy nie net by 'n hospitaal inwals nie.

*Oukei, oukei, ek sal wag. Maar maak gou. Wat vang jy aan?* flits Jax se boodskap.



© Human & Rousseau, an imprint of NB Publishers, a division of Media24 (Pty) Ltd

*Help iemand. Ek is nou-nou daar. Bestel solank vir my 'n Coke.* Tegnies gesproke sal die Coke al warm wees teen die tyd dat ek by Zonga's aankom, maar enige iets om hom nog 'n rukkie daar te hou. En ek drink ook nie eintlik Coke nie, ek hou van kleins af nie daarvan nie. Gelukkig weet Meliwami hoe belangrik dit is dat ek Jax vanaand sien. Hy sal hom ook vra om vir my te wag.

Die straat om my is steeds verlate. Dié tyd van die aand, met die gereelde hommelpatrollies, kuier die meeste mense eerder in die daggakafees en plesierhuise waarvoor Sunnyside en Arcadia so bekend is.

Dis net die bedelaarkinders wat nog soos nat katte hier rondkruip. Die kinders met die karretjies. Waar gaan ek nou een kry? Ek kan nie die meisie met my elektriese skaatsplank by my woonstel kry nie.

Ek stap na die meisie en buk weer by haar. Sy lê op haar sy, halflyf uitgekruip onder die rommel. Sy is sopnat van die sagte misreën en bewe dat haar tande rittel. Ek sal vinnig 'n plan moet maak, want sy gaan nie die winterkoue veel langer kan oorleef nie, nie in net die kortbroek en klein spantop wat sy aanhet nie. En daarby het sy seergekry.

"Wat het jy daar?"

Ek vlieg op en swaai om. Die seun voor my is seker skaars dertien, maar sy arms is sterk en seningrig. Vuil slierte hare hang oor sy voorkop. Die skoene aan sy voete is verslete. Hy snuif, vee sy neus met sy voorarm af.

Ek sug verlig toe ek 'n houtkarretjie agter hom sien. "Dis



© Human & Rousseau, an imprint of NB Publishers, a division of Media24 (Pty) Ltd

iemand wat seergekry het. Kan jy help? Ek moet haar in Eastwood kry, gou ook."

Hy staan nader, loer na die meisie tussen die vullisdromme, vou sy arms. "Het jy ching-ching om my te pay? Nou, voor ek die job doen." Hy hou sy hand na my uit.

Ek voel in my baadjiesak, haal twintigrandstukke uit en stop hulle in sy hand.

Hy kyk met 'n frons na die geld. Trek groot oë vir my. "Wat moet ek hiermee koop? Is jy serious?"

"Dis al wat ek by my het! Asseblief!" Daar's nie nou tyd om met 'n straatkind te kibbel nie.

Hy staar na die geld. Knik uiteindelik sy kop. Hy staan nader en saam sleep ons die meisie tot by sy karretjie.

Sy steun toe ons haar oplig en help om op die lendelam bankie te sit.

Die seun trek sy gesig op 'n plooi. "Sy stink na 'n halfdooie hond!"

Ek rol net my oë en glimlag. Hy's 'n mooi een om te praat. Maar dankie tog hy is hier, al ruik hy self baie na 'n dooie muishond.

Ek druk 'n paar ekstra note in die seun se hand. "Dankie dat jy gehelp het," sê ek toe ek die deur agter hom toestoot.

'n Halfuur is verby vandat ons die meisie op die karretjie gelaai het. Kan ek 'n vreemdeling sommer net in my huis los? Ek sug. Eintlik is daar nie nou meer 'n keuse nie. Sy lê halfwakker in my bed, en ek moet gaan.



© Human & Rousseau, an imprint of NB Publishers, a division of Media24 (Pty) Ltd

*Ek's op pad* stuur ek vir Jax. Hoop maar hy wag nog.

My oë vlieg deur die woonstel. Wat hier is regtig belangrik vir my? Die bank en bed is oud, al die bekers en borde in die kombuisie is oud, die kas met my spuitverfkanne is met my DNS-vingerkode gesluit. Die digbundels en storieboeke, die bont blokkieskombers wat ek by Ouma Olivia geërf het. Dit behoort veilig te wees, dis ook oud. En niemand sal seker die hangmandjies met plante wegdra nie.

My oog val op Thys. Thys is deesdae die enigste ding wat ek nie wil verloor nie. Dit en Pa se klein skildery, maar dit het ek ook toegesluit. Nie dat Thys lyk na die eerste ding wat iemand sal steel nie. Maar wie weet? Mense is eienaardige goed. Dalk versamel sy vreemde, vuil poppe. Sê nou sy hou van die kraaiman van materiaal, met sy skerp bek, swart hoed en vertoiingde baadjie? Die kraaipop waarvoor Jynna as klein dogtertjie so bang was, maar wat sy ook nie kon weerstaan nie. Haar geliefkoosde speelding. Sy was mal oor hoe hy haar laat gril het. Selfs toe sy al 'n tiener was, het Thys sy plek op haar bed gehad.

Ek tel die kraaipop van my bed af op, druk hom in my rugsak, skakel die lig af en trek my voordeur toe. Jax wag.



© Human & Rousseau, an imprint of NB Publishers, a division of Media24 (Pty) Ltd




14+ jaar

ISBN-13: 9780624092902

## *Anderkind*

Betsie van Niekerk

Johannes is nie meer Kleinboeta of Boetiejan nie. Hy is Anderkind.

Dis 1918 en die Spaanse griep maai onder die mense. Die swartreën het begin val, dit sif deurdringend, onkeerbaar uit die giftige bo-lug uit, in by die skoorsteen, deurdrenk alles en oral.

Eers die aanhoudende hamerhoue wat uit die huis weerklink, dan word vier kiste verbygedra. Sy pa, sy ma, twee broers. Uit die melkkamer kyk Johannes hoe twee mans die kiste agterop die perdewa laai.

“Waar’s die ander kind?” vra een.

Die perde kopspeel onrustig.

“Agterop,” beduie die ander een, leisels in die hand, met ’n knik van die kop na die kiste.

“Daar moet nog een wees, nog ’n seunskind.”

**R180,00 | * Prys onderhewig aan verandering**

Tafelberg

**#WRAD2022**

Kinders speel nie meer met tolletjiestrekkers of 'n visblikkiekar in die pad nie, daar is nie meer winkellekkers agter 'n toonbank nie, 'n papierbootjie dobber nie meer met die leivoortjie langs nie. Niemand maak 'n stukkie grond plathand gelyk vir klippie-klippie speel nie. Nêrens sit 'n ma en kouse stop oor 'n kalbassie met 'n ronde pensie nie, of maak melkkos op die stoof se warm plaat nie.

Hier is niks vir hom nie. Nêrens is iets vir hom nie, net die wilde-anys en klappiesbrak voor sy voete, die treë wat hy gee, die soek na suurvy, kamiemie of skilpadbosbessies.

Dis so warm dat hy na 'n ent iewers in 'n waboom se skaduwee moet gaan sit, die dorp reeds ver agter hom. Maar hy weet nie eintlik meer watter kant is wat nie.

Hier's nie meer 'n vorentoe, 'n agtertoe, 'n huis toe nie. Hy breek 'n tak voor hom af, stroop die blare af en grawe 'n botterkannetjie se knol uit.

Water!

Hy moet by water kom, by water waar nie mense is nie. Die groen mos onder die skilpadbos se oorhangtakke. By 'n plek met 'n naam, soos Bakkrans of Sypelfontein.

Saam met die skaduwee skuif hy al om die bos, te swak om op die hitte van die dag verder te stap. In sy kop word die slae van die huishorlosie, van die ploegskaar, van die dorp se kerkklok al hoe dowwer.

Hy word 'n grysbok wat oordag invoupote lê onder 'n bos, sy dae, nagte en tyd net nog son en maan.

Dit is teen latenstyd dat hy sy spore terug na die bakkrans kry, terug na die kraalbos wat hom sal vashou, die soet heuning, die soete wegkruipslaap. Mens móét iewers 'n plek kry waar jy al was waarheen jy terug kan gaan, 'n plek wat jou oë al gewoond is, waar jy jou wysie al gespeel het.

Of waar 'n werfhond oor jou bly is.

Hy kyk nie meer ver vorentoe nie, net voor hom, net waar sy voete vanself stap, gansogies, bokhorinkies, lewertjie . . . wolf, wolf hoe laat is dit?

Wolf, wolf . . .? Dan struikel hy, een keer, twee keer en tref die grond.

Toe sy oë nog een keer oopflits, sien hy growwe klippe van naby, herken hy die koggelmandervoet se trossieblom reg voor sy oë. Nog één keer sien hy hoe die Jan Fiskaal op die hoogste waboomtop sit en uitkyk, hoe die reënspinnekop sy akkedis vang, die termiete stokkies dra vir hul nes.

Die perdekar ry nie meer nie, die ploegskaar se eggo is stil.

Hy suig aan die groen mos, die syferwater loop in by sy keel, die goudgeel skilpadbosblommetjies kielie sy nek, kielie, kielie sy gesig, sy voorkop.

Hy hap na nóg water . . .

Toe sy oë oopgaan, staan die werfhond wat so bly was vierbeen bo-oor hom en lek sy gesig en sy nek. 'n Dun straal koel water val van bo af oor sy gesig, sy hare, sy nek. Dina

de Beer staan langs hom en gooi 'n straaltjie water uit 'n blikbeker al oor sy gesig.

Sy buk af en hou die beker by sy mond. "Staan op, jong! Hoei! Toe, staan nou op." Sy skop-skop net mooi daar waar die blou kol nog seer op sy bo-been sit.

Oor haar skouer hang 'n watersak van goiing en haar lang bruin hare is net so deurmekaar soos in die plaasskool se klaskamer. Sy kom sit plat langs hom en gooi haar vlegsel, waarvan die punt los is, terug oor haar skouer.

"Krummel het my kom haal, hy't jou lankal gesien. Jy moet opstaan, dis amper skemer."

Johannes stoot die hond se kop uit sy gesig. So dan was dit net 'n waarskuwingskoot wat hy gehoor het, onthou hy verlig.

Hy probeer orent kom, leun eers op sy elmboë en vat dan met een hand die beker water.

Krummel snuffel opgewonde oral om hulle in die bosse rond, leun af op sy voorpote en blaf in 'n bos in.

"Siejy, Krummel! Siéjy!" raas sy.

"Wat sal jou pa sê, Dina? Hy . . ."

"Die perdekar het hom kom oplaai, vir hom en Ma en vir Miriam." Sy kyk nie na hom nie, maar praat met Krummel wat nou langs haar kom lê het.

"Ek het onder die bakkrans loop wegkruip toe hulle met die perdekar gekom het. Niemand kry jou daar nie."

Sy leun vorentoe en vat die beker by hom. "Johannes,

Miriam het gesê hulle gaan ons vir die weeshuis kom vat, gáá hulle? Gaan hulle ons kom wegvat?"

Die vraag is so dringend dat hy móét antwoord, en hy kan nie vir haar jok nie.

"Nee, Dina, hulle gaan nie, nie nou al nie." Sy stem wat hy vir die eerste keer in baie, baie dae hoor, klink vir hom vreemd. Krakerig soos die dorpsoom s'n.

Hy probeer orent kom, maar sak weer terug op sy elmboë.

"Ek wil liewer ook dood wees, Johannes, voor ek gevat word. Gaan jy ook doodgaan, Johannes?"

Hy sit regop en trek sy knieë op. Hy is narerig van die water.

"Dè." Sy haal 'n stuk beskuit uit haar oorrok se sak en hou dit na hom toe uit.

Hy skud sy kop. Hy sal dit nie nou kan eet nie, sy lippe en tandvleise is te seer vir hard kou.

"Ons moet loop, dis netnou donker." Sy staan op.

Hy struikel op en gryp-gryp na haar arm om sy balans te kry. Maar 'n seunskind moet vanself kan stap, so sy loop ver vooruit.

Teen sterk skemer kom hulle by Miriam se huis.

Hy gaan sit op die heuningklip terwyl Krummel ewe gedienstig langs hom kom lê, tevrede dat hy hom loop haal het en tot hier gebring het. Miriam kan enige oomblik uit die huis kom en by die wasgoeddraad kom staan.

Die deur en venstertjie staan wawyd oop, maar niemand kom uit nie.

Niemand kom sit op die voortrappie, leun teen die kosyn en luister óp na die wind in die kop nie.

Dina sleep 'n klapperhaarmatras uit die huis en gooi dit naby hom op die grond. Dan gaan haal sy 'n wit enemmelemmer.

"Dis al sandsuiker." Sy haal 'n heuningkoek vir hom uit. "Miriam het gesê mens moet die was kou vir jou tandvleise en vir verkoue. Hier hang nog bokkoms onder die peperboom."

Die soet brand sy keel.

Hoekom gaan Dina nie terug na hulle eie huis toe nie?

"Hulle het ons huis toegesluit," sê sy na Krummel se kant toe, asof sy sy gedagtes lees. "Ek het al baie hier by Miriam gebly wanneer Ma-hulle dorp toe moet gaan."


Dis nou al byna heeltemal donker. Hy kruip tot op die klapperhaarmatras en gaan lê.

Dina kom met 'n kers by die deur uit. 'n Mes met 'n houthef en twee bokkoms is in haar hande. Sy sit die blaker langs hulle op die grond neer, sny die viskop behendig af en gooi dit vir Krummel wat binne die klein ligkring klaar staan om dit te vang.

Hy gaan lê om sy vangs te eet.

Met die mes trek sy nog dun repies droë vis af en hou van hulle na Johannes uit. "Jy gaan horings kry as jy lê en eet!" waarsku sy.

# Ontwerp jou eie boekomslag!



#WRAD2022